



Oosies

NUUSBRIEF

2026
WERK EN OORWIN
Ons omgee-uitleefskool waar ons met passie potensiaal ontsluit

#trotseoosie #laatdieblougolfrol #hierbouonsjoutoekoms

34/2026

8 Oktober 2026

UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Geagte Ouers en Voogde

Hier staan ons alweer voor die laaste en seker een van die belangrikste skofte van die jaar!

Met ons matrikulante wat op 13 Oktober met hul eindeksamen begin en die res van ons leerders wat op 23 Oktober wegspring, is akademie beslis nou ons grootste prioriteit. Dit is die tyd van die jaar waar al die harde werk, ekstra klasse, voorbereiding en deursettingsvermoë bymekaarkom. Nou kry elke leerder die geleentheid om die vrugte van sy of haar harde werk te pluk.

Aan ons matrieks van 2026: Julle is amper by die eindstreep! Twaalf jaar se skoolgaan, vroeg opstaan, huiswerk, toetse en eksamens kom nou tot 'n einde. Hierdie laaste eksamen is 'n belangrike een, want dit speel 'n groot rol in die volgende hoofstuk van jul lewens. Ons wens julle baie sterkte toe. Vertrou op jul voorbereiding, glo in julleself en gee eenvoudig jul beste. Julle het al soveel bereik, hou net nog 'n klein rukkie uit.

Ons gebed vir al ons leerders is dat die Here vir elkeen kalmte van gees, helderheid van denke en genoeg krag sal gee om hierdie eksamentyd met selfvertroue aan te pak. Mag julle elke dag weet dat die Here julle in die holte van Sy hand vashou.

Aan ons ouers: Ons weet eksamentyd kan soms vir die hele huisgesin spanning meebring. Dankie dat julle jul kinders ondersteun, aanmoedig en soms maar net 'n bietjie ekstra geduld aan die dag lê. Jul betrokkenheid maak 'n groter verskil as wat julle dalk besef.

Aan ons leerders wil ons ook herinner dat hierdie paar weke nie die tyd vir kuiers en partytjies is nie. Daar gaan later weer genoeg tyd wees vir lekker saamkuier en ontspan. Gebruik nou jul tyd verstandig, hou by jul studieprogram en maak seker dat julle goed voorbereid by elke vraestel opdaag. Die vakansie gaan soveel lekkerder wees as jy weet jy het jou beste gegee. Mag die Here elke leerder, ouer en personeellid deur hierdie laaste kwartaal dra. Mag ons met dankbaarheid terugkyk op die jaar en met trots kan sê dat ons tot die einde ons beste gegee het. Sterkte, Oosies! Die eindstreep is in sig. Kom ons maak 2026 saam op 'n hoë noot klaar.

Ons matriekafskeid was beslis een van die hoogtepunte van die jaar. Wat 'n besonderse aand om twaalf jaar se skoolloopbaan op so 'n mooi manier te vier. Dit was heerlik om ons matrieks so deftig te sien en te beleef hoe hulle hierdie spesiale geleentheid saam met hul vriende geniet. Ons glo die aand het vir elkeen mooi herinneringe geskep wat hulle nog lank ná hul skooldae sal koester.

Op Vrydag, 9 Oktober, neem ons amptelik afskeid van ons matrikulante tydens hul klokseremonie en afskeidsdiens. Dit is altyd 'n besonderse en emosionele geleentheid wanneer ons matrieks vir oulaas as leerders saamkom en die bekende Oosie-klok lui. Daarmee sluit hulle 'n belangrike hoofstuk van hul lewens af en maak hulle gereed vir die nuwe pad wat voorlê. Ons wens elkeen van julle net die mooiste toe en vertrou dat hulle die waardes, vriendskappe en herinneringe van hul Oosie-jare altyd saam met hulle sal dra.

Al is die akademie nou ons grootste fokus, het ons Oosies ons steeds genoeg rede gegee om trots te wees op hul sportprestasies.

Ons bergfietsryers het op 2 en 3 Oktober aan die Nasionale Bergfietskampioenskappe in Stellenbosch teen van die beste fietsryers in die land deelgeneem. Die kampioenskappe het oor twee dae gestrek met die volgende mooi prestasies deur ons bergfietsryers. Cloë Muller (o.18) eindig 11de uit 23 op dag 1 en 11de uit 25 op dag 2, Zané Engelbracht (o.17) eindig 26ste uit 32 op dag 1 en 25ste uit 31 op dag 2, Sumari Hattingh eindig 48ste uit 48 op dag 1 en Leam van Veenhuyzen eindig 16de uit 84 op dag 1 en 16de uit 78 op dag 2.

Ons hengelspan het ook hul staal gewys deur aan die Champs of Champs Hengel 2026 by Bloemhofdam deel te neem. Oos-Moot was een van 23 hoërskoolspanne van regoor Suid-Afrika wat aan hierdie nasionale kompetisie deelgeneem het. Geluk aan Reuben van Blerk, JJ Erasmus, Eben Koen en Ruben Prinsloo. Dit is 'n voorreg om ons skool op hierdie vlak te verteenwoordig, en ons is trots op julle!

Ons sagtebalspanne het hierdie jaar vir groot opwinding gesorg en ons hou nou styf duim vas vir die spanne wat in die semifinale deelneem. Sterkte, meisies! Ons krieketspelers staan nie terug wanneer dit by prestasies kom nie. Marnus Broodryk en Luke Venter het deelgeneem aan die finale rondte van die Titans-proewe en mnr J. Redelinghuys is as die Titans se o.17-afrigter gekies. Wat 'n besonderse prestasie en welverdiende erkenning.

Verskeie terreinprojekte is ook in proses. Ons is opgewonde oor ons nuwe tartan-verspringbaan. Hierdie wonderlike opgradering is soveel meer as net 'n verbetering van ons atletiekgeriewe, dit is 'n belegging in ons atlete se drome en toekoms. 'n Baie spesiale woord van dank aan die OosieBond, wat 'n groot aandeel in die verwesenliking van hierdie projek het. Jul betrokkenheid, ondersteuning en bereidwilligheid om in ons leerders se toekoms te belê, word opreg waardeer. Dankie dat julle help om Oosie-drome 'n werklikheid te maak.

Nog 'n opwindende projek wat tans by die skool aan die gang is, is die installering van waterfonteintjies (gulps) op die skoolterrein. Die eerste waterfonteintjie is reeds voltooi en ons sien uit daarna om mettertyd nog hiervan op die terrein beskikbaar te stel.

Hierdie waterfonteintjies bied aan ons leerders maklike toegang tot drinkwater gedurende die skooldag, veral ná sportoefeninge en gedurende warm somersdae. Om genoeg water te drink, is belangrik vir goeie gesondheid en help onder meer met konsentrasie, energievlakke en die voorkoming van dehidrasie. Dit moedig leerders ook aan om eerder water as suikerhoudende koeldrank te kies. Boonop is dit 'n gerieflike en omgewingsvriendelike manier om waterbottels gedurende die dag vol te maak.

Met hierdie projek belê ons nie net in ons skoolgeriewe nie, maar ook in die gesondheid en welstand van elke Oosie!

Ons is ons ouers en gemeenskap opreg dankbaar vir hul ondersteuning en die ontwikkeling van ons skool en fasiliteite.

Vriendelike groete
Me S Theron
HOOF

ALGEMEEN

- 9 Okt. • Rapporte na leerders
• Gr.12 Afsluiting- en boogstapseremonie
- 12 Okt. Gr.8 tot 12 ouervergadering op uitnodiging
- 13 Okt. • Gr.12 eindeksamen begin
• Prysuitdeling: Sport en Kultuur
- 15 Okt. Gr.12 Glinsteraand
- 17 Okt. Orkes gala-aand
- 19 Okt. Algemene Jaarlikse Ouervergadering (begroting 2027)
- 23 Okt. Gr.8 tot 11 eindeksamen begin
- 30 Okt. Klerebank pasdag
- 31 Okt. Oosie-Winkel Pasdag
- 4 Nov. Spesiale vakansiedag vir STEMMING
- 26 Nov. Gr.12 eindeksamen eindig
- 9 Des. Gr.8 tot 11 leerders ontvang rapporte
Skool eindig vir leerders

LIEF EN LEED

Ons Disiplinêre beampte, mnr H Badenhorst het die afgelope vakansie oupa geword van 'n pragtige kleinseun.

Baie geluk aan Oupa en die hele familie met hierdie kosbare nuwe toevoeging. Mag die kleinman vir julle hope vreugde, liefde en baie besondere herinneringe bring!

FOTOBESTELLINGS

Groepfoto's is nou beskikbaar om te bestel en bestellings kan direk by Prestige Photographic Group geplaas word.

Gebruik asseblief dieselfde unieke kode wat aan die begin van die jaar saam met die individuele foto's ontvang is om toegang tot die foto's te verkry en u bestelling te plaas.

Bestellings sluit op 5 November 2026.

KENNISGEWING: ALGEMENE JAARLIKSE OUERVERGADERING

Ons nooi AL ons huidige ouers uit om hierdie vergadering by te woon. Die skool se begroting, skool- en ander fondse vir 2027 word tydens hierdie vergadering goedgekeur.

Datum : 19 Oktober 2026
Tyd : 17:30 vir 18:00
Plek : Skoolsaal

Indien geen kworum bereik word nie, sal die vergadering verdaag vir 30 minute en die **tweede vergadering** sal dan om **18:30 (Maandag, 19 Oktober 2026)** in die skoolsaal plaasvind en nie Woensdag, 21 Oktober 2026 soos aangedui in die jaarbeplanner nie.

Ouers sal die formele uitnodigingskrywe met volledige inligting, die agenda en die notule van die 2025 Algemene Jaarvergadering vandag per e-pos ontvang.

Die bywoning van hierdie vergadering is uiters belangrik, aangesien belangrike finansiële en administratiewe sake bespreek en goedgekeur moet word.

GRAAD 12 KLOKSEREMONIE EN DIENS

Ons neem jaarliks, tydens 'n klokseremonie en kerkdiens afskeid van ons matrikulante. Die funksie is geskeduleer vir 9 **Oktober** en verloop soos volg:

08:00 : Klokseremonie begin
±09:30 : Kerkdiens in die skoolsaal

Belangrik:

Na afloop van die kerkdiens verdaag die ouers en is daar 'n kort maar baie belangrike inligtingsessie vir die matrikulante.

Kleredrag vir die klokseremonie

Leerders dra smaakvolle en stylvolle gewone klere om die formele aard van die dag te weerspieël.

2026 JAARBLADBESTELLINGS

Ouers wat graag die skool se 2026 Jaarblad wil aanskaaf kan nou reeds bestel en betaal.

BESTELLING EN KOSTE

Koste : R200 per jaarblad
Bestellings : Voor of op 30 Oktober
[Bestel hier](https://forms.gle/idpMZsGBpbiPc4Ti6) of by die volgende skakel:
<https://forms.gle/idpMZsGBpbiPc4Ti6>

Die aantal jaarblaaie wat gedruk word, sal bepaal word volgens die aantal **betaalde bestellings** wat teen hierdie datum ontvang is.

Belangrik: Indien 'n jaarblad bestel is, maar betaling nie teen 30 Oktober 2026 ontvang is nie, sal die bestelling nie as geldig beskou word nie.

BETALING EN BANKBESONDERHEDE

Afsnydatum : 30 Oktober
Betaling moet asseblief in die skool se bankrekening gedoen word met die volgende verwysing:

Rekeningnaam :	Hoërskool Oos-Moot
Bank :	First National Bank (FNB)
Rekeningnommer:	63124628041
Takkode :	210835
Verwysing :	Leerder se voorletters en van+jaarblad

BESKIKBAARHEID EN AFHAAL

Die 2026 Jaarblaaie sal aan die begin van die 2027-skooljaar beskikbaar wees.

Sodra die jaarblaaie gereed is vir afhaal, sal 'n kennisgewing op die skool se **mediaplatforms** geplaas word.

Die kwitansie of EFT-bewys van betaling moet by me. **A de Villiers (T10C)** getoon word wanneer die jaarblad afgehaal word.

AKADEMIE

RAPPORTE

9 Oktober : Leerders ontvang hul rapporte

Leerders ontvang Vrydag hul rapporte vir die eerste, tweede en derde kwartaal. Voor die aanvang van die eindeksamen sal leerders ook 'n SBA-rapport ontvang.

Wat is 'n SBA-rapport?

SBA staan vir Skoolgebaseerde Assessering. Dit sluit al die formele assesserings in wat leerders deur die jaar in elke vak voltooi het, soos toetse, opdragte, projekte, praktiese take en mondelinge. Die SBA-rapport gee 'n opsomming van hierdie punte. Die SBA-punt vorm deel van die leerder se finale jaarpunt en word saam met die eindeksamenpunt gebruik om te bepaal of die leerder slaag.

Hoekom ontvang leerders dit voor die eksamen?

Die rapport wys vir leerders en ouers waar die leerder staan voordat die eksamen begin. Leerders kan dit gebruik om hul voorbereiding te beplan en meer aandag te gee aan vakke waar hulle nog moet verbeter. Ons moedig ouers aan om die rapport saam met hul kind deur te gaan.

EKSAMENROOSTER EN LEERDER-BYWONING TYDENS EKSAMEN (KWARTAAL 4)

Eksamenrooster

Die Kwartaal 4-eindeksamenrooster is in hardekopie aan alle leerders uitgegee. Die rooster is ook op die skool se [webwerf](#) beskikbaar.

Ouers en leerders word versoek om asseblief seker te maak dat hulle oor die korrekte en nuutste weergawe van die eindeksamenrooster beskik.

Belangrike wysiging – graad 11:

Die datum vir Engels Vraestel 3 is aangepas. Die vraestel word vervroeg vanaf 26 Oktober na 23 Oktober.

Leerderbywoning tydens eksamen

Die Gautengse Departement van Onderwys het die afgelope paar jaar verskeie riglyne uitgereik oor leerderbywoning en skoolure tydens eksamenperiodes.

Ons wil graag die belangrikste bepalings kortliks met ouers en leerders deel en verduidelik hoe dit tydens die eksamenperiode by die skool toegepas sal word.

'n Skrywe in hierdie verband word op 9 Oktober in harde kopie aan leerders uitgegee en sal per e-pos aan ouers gestuur word. *Let op die afsnydatum van 16 Oktober vir die skeurstrokie en Google vorm wat voltooi moet word.*

OUERAAND OP UITNODIGING

Ouers van die betrokke leerders sal 'n uitnodiging ontvang.

WISKUNDE EN WISKUNDIGE

GELETTERHEIDSTOETSE

Ons stel u hiermee graag in kennis dat alle graad 8 tot 11-leerders op Maandag, 19 Oktober, 'n Wiskunde- of Wiskundige Geletterdheidstoets sal aflê.

Die afbakenings vir die onderskeie toetse is reeds op Google Classroom geplaas. Leerders word aangemoedig om dit deeglik deur te werk en betyds met hul voorbereiding te begin. 'n Skrywe in die verband is reeds aan leerders uitgegee.

SPORT

SWEM

Oefening

Datum : Begin 7 Oktober
Plek : Hillcrest swembad

Gala-datums in Oktober vir 2026 swemspan

Datum	Plek
8 Okt.	Cornwall Hill College
15 Okt.	Sal bevestig word
22 Okt.	Sal bevestig word.

Navrae kan gerig word aan: swem@oos-moot.co.za

KULTUUR

MNR EN MEJ OOS-MOOT 2027

Uitdunne vind soos volg plaas:

EERSTE RONDTE		
Datum	Leerders	Tyd
8 Okt.	Seuns	14:15 – 18:00
Kleredrag	Skooldrag	
Lokaal	Restaurant	
TWEDE RONDTE		
Datum	Leerders	Tyd
12 Okt.	Seuns en dogters	14:15 – 18:00
Kleredrag	Gewone klere	
Lokaal	Restaurant	

NUUSBRIEFADVERTENSIES

Adverteer in ons skool se nuusbrieff. Koste en volledige inligting by die [skakel](#) beskikbaar of kontak me C Meyer (bemark) by bemark@oos-moot.co.za.

Waverley

Wiskunde & Wetenskap



Sentrum

Vakke wat by die Wiskundesentrum aangebied word.

- Wiskunde graad 1 tot 12, asook Wiskundige Geletterdheid en Tegniese Wiskunde.
- Rekeningkunde graad 8 tot 12.
- Afrikaans graad 1 tot 12. Engels graad 1 tot 12.
- Wetenskap graad 10 tot 12 sowel as Tegniese Wetenskap
- **Career Direct:** Aanlegtoetse, vakkeuse, beroepskeuse en beroepsleiding

Aanvullende onderrig + Beroeps

- & Vakkeuse toetsing

Marina Stander - 083 259 8913

STUDIEMETODEKURSUS EN BREINPROFIELE VIR LEERLINGE

Baie leerlinge onderpresteer omdat hulle nie verstaan hoe die brein funksioneer t.o.v. konsentrasie en geheue nie. Hulle ken en verstaan ook nie die verskillende studiemetodes nie. Elke leerder moet die geleentheid gegun word om voldoende voorberei te word vir die eise van hoërskool en die voorreg hê om, volgens sy/haar vermoë, optimaal te presteer. Dit is 'n uitstekende, interessante en genotvolle kursus, wat met bringim geïnkorporeer word.

'n Paar fokuspunte van die kursus:

- Funksionering van die menslike brein, positiewe denke, konsentrasie en geheue
- Suksesvolle bereik van studiedoelwitte en tydsbeplanning
- Studiemetodes, studiewenke en opsommetodes
- Toetse/eksamens: beplanning en voorbereiding



Alle studiemateriaal word voorsien.



DATUM:

9 en 10 Oktober
(Slegs vir graad 8-9's)



PLEK:

Hoërskool
Oos-Moot
(Kamer 69)



TYD:

9de – 14:00 – 18:00
10de – 08:00 – 14:00



KOSTES:

- ✓ Studiemetodekursus alleenlik: **R600**
- ✓ Breinprofielbeoordeling en beroepsvoorligting: **R700**
(Opsioneel, maar van onskatbare waarde.)



PAKKET BELOOP R1000 PER LEERDER
en dit sluit die kursus en breinprofiel in.



Indien u sou belangstel, is u welkom om vir my 'n e-pos na info@brainwize.net te stuur.



U sal die naweek voor die kursus 'n boodskap ontvang met die benodigdhede wat die leerder moet saambring.

Verstaan jou brein. Gebruik die regte metodes. Bereik jou doelwitte!

KUMON

VILLIERIA



KLEIN TREË. STERK FONDAMENTE. GROOT VORDERING.



**Now open in
Waverley Plaza**

Help jou kind om met self vertroue en onafhanklikheid te leer!

WISKUNDE

Bou 'n sterk grondslag en verbeter, spoed, akkuraatheid en probleemoplossings vaardighede.



ENGELS

Ontwikkel woordeskat, leesbegrip, grammatika en self vertroue in Engels as 'n tweede taal.



KUMON CONNECT

Die bekende Kumon-werkkaart - nou beskikbaar digitaal op tablet - met maklike indiening en deurlopende terugvoer.



**Bespreek 'n gratis
assessering**

<https://www.kumon.co.za/book-assessment/villieria>

076 781 3428

JV-Hartklop NPO
VIR 'N BETER MORE

OOSIE Bond
OOSIE BOND NPO
SAAM MAAK ONS 'N VERSKIL

MOOT T20 LEGENDS
DIE GROOTSTE SPELERS.
DIE LEGENDE LEEF VOORT.

**SATERDAG
24 OKTOBER
2026**

**HTS JOHN VORSTER
SPORTGRONDE
PRETORIA**

**BYEENKOMSBEPLANNER
BLKSM
EVENTS**

**MEDIA-VENNOOT
GROOTFM
GAAN GROOT 90.5**

KOM ONDERSTEUN ONS!

SPORT | NETWERK | GEMEENSAP | IMPAK